

**Woensdag 5 Januarie**

**Skrifgedeelte: Romeine 1:14-21a; NGB Artikel 2**

**God word eers reg geken en erken deur sy skeppingswerk as ons  
Hom in sy Seun, Jesus Christus, leer ken**

Hierdie Skrifgedeelte gaan oor God se openbaring in sy werke van die skepping van die wêreld af. Dit behels nie alleen sy werk as Skepper nie, maar ook sy werk van onderhou en regeer. Die fout wat ons kan maak in ons verstaan van Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), is om te dink dat mens deur kennis van die skepping kan kom tot kennis van Christus. Dan word kennis van die skepping beskou as die laerskool en kennis van Christus die hoëskool.

Maar dit is nie wat Artikel 2 van die NGB bedoel nie. Die punt wat Romeine 1 maak, is dat mense juis die kennis wat God van Homself duidelik in die skepping openbaar, onderdruk. Dit kom na vore daarin dat hulle nie die ware God eer en dank nie en dat hulle skepsele vereer in plaas van die Skepper. Die bewoording van Artikel 2, dat God Homself nog duideliker openbaar in die Skrif, dui op die voortgaande openbaring van die Ou Testament na die Nuwe Testament. God het Homself nog duideliker bekend gemaak in sy Seun Jesus Christus.

Paulus se bedoeling met sy brief aan die Romeine, en spesifiek hoofstuk 1, is dat almal die evangelie moet hoor, want daarin werk die krag van God deur die boodskap van vryspraak op grond van Christus se soenverdienste aan die kruis, en ons deel daarin deur die ware geloof. Die regte verstaan is dus dat die mense God dán alleen eers reg ken, dank en aanbid, as ons Hom leer ken in die aangesig van Jesus Christus, sy Seun. Deur die Gees van Christus waarmee ons uit genade gesalf word, word ons dan in staat gestel om deur ons enigste Hoëpriester weer aan God welaangename offers te bring; die offers van dank en eer en om God reg te ken. Daarby leer ken ons dan eers God se openbaring in sy skeppingswerke reg.

Wie alleen steun op kennis van God deur middel van die skepping, raak die spoor byster en verduister noodwendig die kennis van God. Die gevolg is dat daar vir die mense geen verontskuldiging ('n regsterm) is nie, en daarom rus die toorn van God op die mense. Maar deur die Middelaarswerk van Jesus Christus word ons gered tot die regte kennis, lof, eer en dank aan die heerlike en onverganklike God. Dan word Hy ook reg geken in al sy werke.

*Sing: Psalm 50-1:7, 11 (melodie van Skrifberyming 10-1)*

*Ds. JH Grobler (Hans) (Reddersburg en Bloemfontein-Suidheuwels)*